9/2/258/84 F

# FORT SCHANSKOP
# VOORLOPIGE OPGRAWINGS VERSLAG

Die volgende is 'n voorlopige opgrawings verslag en is gevaseer op inligting wat verkry is gedurende argeologiese navorsing wat op die terrein by Fort Schanskop gedoen is.

## 1. OPGRAWINGS:

Daar is aanvanklik besluit om twee opgrawings op die terrein te doen, maar na aanleiding van nuwe inligting is daar later besluit op 'n enkele verdere opgrawing.

**Opgrawing 1:**

Opgrawing 1 is 'n reghoekige toetsblok van 2m x 2.5m. Die opgrawing is aangrensend met die fondasie-uitgrawings se suidelike wand geplaas in die oostelike punt van die terrein. Die rede vir die plasing, was weens 'n vertikale as-afsetting wat hier in die fondasie-uitgrawings se suidelike wal sigbaar was. Daar is gehoop dat deur 'n opgrawing oor die gedeelte te plaas, kon die res van die asgat ontbloot word wat nog onversteurd was.

Die toetsblok is gegrawe tot op 'n diepte van 1 m waarin daar baie min materiële artefakte gevind is en wat lukraak deur die opgrawing versprei was sonder dat enige tekens van 'n asgat gevind is. Tydens die opgrawing is daar ook 'n hele aantal groot klippe met 'n deursnee van ongeveer 0.5 m x 0.5 m in die opgrawing gevind en daar is gevolglik twyfel aan die dag gelê of die asgat inderdaad op die plek teenswoordig sou wees, aangesien dit hoogs onwaarskynlik is dat die masiewe klippe bo-op die asgat kon beland het. Dit het gelei tot 'n nadere ondersoek van die vertikale as-afsetting wat in die fondasie wand sigbaar was en daar is gevind dat die afsetting slegs etlike sentimeters dik was, waarna dit oorslaan na 'n steriele skalie laag.

Dit wil dus blyk dat die as-afsetting in die fondasie-uitgrawings se wand, slegs die laaste oorblywende tekens was van 'n asgat wat in die skalie klip ingegrawe was en reeds vernietig was deur die aanvanklike fondasie uitgrawings.

Die opgrawing is net ter bevestiging vir 'n verdere 0.3 m verdiep waartydens geen nuwe bewyse opgelewer is nie en die opgrawing is gevolglik gestaak.

25-05-2001

**Opgrawing 2:**

Opgrawing 2 is 'n reghoekige toetsblok van 2.7 m x 3m. Die toetsblok is aangrensend met die fondasie-uitgrawings se wand geleë in die westelike deel van die terrein. Die rede vir die plasing van die toetsblok was weereens as gevolg van 'n vertikale as-afsetting wat in die fondasie se wand sigbaar was en deur 'n opgrawings blok oor die afsetting te plaas, is daar gehoop om moontlik die asgat bloot te lê.

Die toetsblok is uitgegrawe in tien lae van ongeveer 0.15 m elk, tot op 'n diepte van 1.2 m. Met die aanvang van die opgrawing was dit gou duidelik dat die groot klippe wat in opgrawing 1 gevind is, hier afwesig was. Op 'n diepte van 0.6 m is die eerste duidelike as-afsetting met 'n groot hoeveelheid materiële artefakte gevind. Die afsetting het deurgeloop vir 'n verdere 0.6 m waarna die bodem oorgeloop het in 'n soliede skalie laag. Die afsetting is teen die oostelike wal van die opgrawing gegrens deur 'n soliede skalie laag.

Die as-afsetting was na die voltooing van die opgrawing nog sigbaar in die suidelike en westelike wal van die opgrawing. Die suidelike wal van die opgrawing is vervolgens verleng met 'n verdere 1 m om sodoende die suidelike grens van die asgat vas te stel. Daar is gevind dat die suidelike wal van die verlengde opgrawing, weereens begrens is deur 'n soliede skalie laag waarteen die as afsetting lê. Dit is dus duidelik dat die as afsetting binne 'n mens-gemaakte gat geleë is wat binne die skalie laag ingegrawe was.

Hiervolgens is dit dus veilig om aan te neem dat die terrein bestaan uit 'n reeks kleiner asgate wat oor die terrein versprei is, en nie bestaan uit 'n enkele groot asgat soos aanvanklik veronderstel is nie.

Die afsetting is huidiglik nog sigbaar in die westelike wand van die opgrawing, maar is slegs etlike sentimeters diep en dui waarskynlik daarop dat dit die grens van die asgat kan wees.

**Opgrawing 3:**

Alvorens daar begin is met die eerste twee opgrawings, is daar 'n hele aantal putte gegrawe, deur die bou kontrakteur, en wat oor die terrein versprei is en sal dien as die fondasies van stutpilare vir die beplande gebou. Tydens die uitgrawing van die putte is daar afgekom op 'n kleinerige as-afsetting wat nog in die fondasie-uitgrawings oorgebly het en gedeeltelik onversteurd was deur die bouwerk.

Met die ontdekking hiervan is daar besluit om 'n verdere toetsblok van 1.5 m x 2 m aangrensend met die put waarin die afsetting gevind is, te grawe. Daar is verwag dat daar moontlik nog 'n asgat, of 'n gedeelte daarvan, in die deel van die terrein gevind kon word.

Die toetsblok is egter tot op 'n diepte van 0.5 meter gegrawe waarna daar op 'n skalie laag afgekom is sonder dat enige tekens van 'n asgat gevind is. Baie min materiaal is ook uit die toetsblok herwin.

Daar kan dus met sekerheid aanvaar word, dat alle tekens van die asgat wat in die gedeelte teenwoordig was, reeds deur die aanvanklike uitgrawe van die fondasies vernietig is. Die as-afsetting wat in die stutpilaar se put gevind is, is moontlik net die onderste laag van die asgat gewees.

## 2. OPSOMING:

Die volgende gegewens is gebaseer op die inligting wat deur die opgrawings beskikbaar gestel is en ook inligting wat verkry is deur die profiele te bestudeer wat deur die stutpilaar se putte gelos is.

- Dit wil blyk asof alle tekens van die asgat wat in die oostelike helfte van die terrein voorgekom het, vernietig is deur die uitgrawe van die fondasies vir die onthaal saal. Opgrawing 1 wat in die deel van die terrein geleë is, het geen bewyse van 'n asgat opgelewer nie en die aantal putte wat op die deel voorkom wys ook geen verdere tekens nie. Indien daar aangegaan word met die ontwikkeling in die deel van die terrein, is dit onwaarskynlik dat enige verdere skade aan die terrein aangerig sal word.

- Op die westelike deel van die terrein is 'n gedeelte van die asgat opgespoor en verdere dele daarvan deur die stutpilaar putte blootgelê. Dit is waarskynlik dat 'n gedeelte van die asgat nog bewaar gebly het in die deel van die fondasie-uitgrawings se wand wat tussen opgrawing 1 en opgrawing 2 voorkom.

- Daar word aanbeveel dat die ontwikelaar onderhandel met SAHRA oor die optrede binne die gebied.

SOUTH AFRICAN HERITAGE RESOURCES AGENCY

NORTHWARDS, 21 ROCKRIDGE ROAD, PARKTOWN 2194

P. O. BOX 87552, HOUGHTON, 2041

TEL: (011) 482 8365 FAX: (011) 482 8196

OUR REF.: ..............................

YOUR REF.: ..............................

DATE: 17/12/2003

# FACSIMILE TRANSMISSION - FAKSIMILE-VERSENDING

TO / AAN: MARY LESLIE

SAHRA HQ CAPETOWN

FAX NO. / FAKS-NOMMER: (021) 462-4509

FROM / VAN: Jennifer

MESSAGE / BOODSKAP

REPORT ON FORT SCHANSKOP THAT DR VAN VOLLENHOVEN WANTED. YOU ASKED ME TO SEND YOU A COPY (A PHOTOCOPY BEING SENT BY POST) SORRY FOR DELAY.

SENDER / AFSENDER: [signature]

NO. OF PAGES AANTAL BLADSYE (8+1)

PLEASE INFORM US IF YOU DO NOT RECEIVE ALL THE PAGES